LUG JOU MENING

UITNODIGING OM OPENBARE VOORLEGGINGS

WYSIGINGSWETSONTWERP OP DIE LUGHAWENSMAATSKAPPY

Die Portefeuljekomitee oor Vervoer nooi belangstellende persone en belanghebbendes uit om skriftelike kommentaar oor die Wysigingswetsontwerp op die Lughawensmaatskappy [B 5 - 2018] in te dien.

Die Wetsontwerp beoog om die Lughawensmaatskappywet, 1993, te wysig ten einde sekere omskrywings in te voeg en te wysig; om sekere uitdrukkings te vervang; om voorsiening te maak vir die aanstelling en onbevoegdverklaring van lede van die Komitee; om voorsiening te maak vir die pos-ontruiming van lede van die Komitee; om voorsiening te maak vir vergaderings van die Komitee; om die tydperk vir die uitreiking van 'n vergunning te wysig; om voorsiening te maak vir besluite van die Komitee; om voorsiening te maak vir die stigting van die Appèlkomitee; om voorsiening te maak vir die aantekening van appèlle teen die besluite van die Komitee; om voorsiening te maak vir die aanstelling en onbevoegdverklaring van lede van die Appèlkomitee; om voorsiening te maak vir die pos-ontruiming van lede van die Appèlkomitee; om voorsiening te maak vir oortredings; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Navrae, sowel as skriftelike voorleggings, kan aan die Portefeuljekomitee oor Vervoer (Vir Aandag: Valerie Carelse), Derde Vloer, W/S 3/79, Pleinstraat 90, Kaapstad 8001, gerig word of per e-pos na vcarelse@parliament.gov.za gestuur word. Benewens die skriftelike kommentaar, dui asseblief aan indien u daarin belang sou stel om 'n mondelinge voorlegging aan die Komitee te doen.

Die sluitingsdatum vir voorleggings is 15 Januarie 2019.

Afskrifte van die Wetsontwerp kan verkry word deur Valerie Carelse by telefoonnommer 021 403 3272 of selfoonnommer 083 709 8445 te skakel of deur die webwerf www.parliament.gov.za te besoek.

Uitgereik deur me D P Magadzi, LP, Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Vervoer

Parliament. Making Democracy Work.